Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 11 / no. 5
Mei 2002

EGO EIMI

Ego eimi!, het Jesus gesê: 'Dit is Ek!'
Die manne wat gekom het om Jesus te gryp, het teruggesteier en op die grond neergeval. (Joh. 18:5-6) Merkwaardig! Jesus was in hulle oë maar net Jesus van Nasaret. Tog het Hy 'n koninklike uitstraling gehad. Het hierdie manne iets van Jesus se heerlikheid aanskou? (Joh. 1:14)

Ecce homo!, het Pilatus die volgende oggend gesê: 'Daar is die mens!' Dit was woorde van spot. Spot met die Jode en met hulle 'koning'. Dit is asof Pilatus wou sê: Julle Jode, daar is julle koning, die man wat kwansuis so gevaarlik is dat hy tereggestel moet word (Joh. 19:5).
So het die Seun van God homself verneder. Sy eie mense het Hom verwerp en gehaat. Die heidene het Hom gespot. Hy het dit verdra ter wille van ons verlossing.

Ego eimi!, het Jesus na sy opstanding vir sy dissipels gesê. 'Dit is Ek!' Hy het hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle aanvanklik nie wou glo dat Hy opgestaan het nie (Mar. 16:14). Toe die dissipels Hom later in Galilea ontmoet, het hulle hom aanbid; maar sommige nog steeds getwyfel (Matt. 28:17). Eers na die uitstorting van die Heilige Gees het hulle geloof tot volle sekerheid gegroei.

Ecce homo!, sê ongelowige teoloë vandag: Daar is 'n mens!
Hulle het hom wetenskaplik ondersoek en gevind dat hy slegs 'n dooie mens is. Hy is nie werklik God nie en hy het nie regtig opgestaan nie. Sy opstanding, meen hulle, is maar net 'n produk van die geloof van sy dissipels. Die Woord van God veroordeel hierdie mense. As Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, sê Paulus, en bowendien is julle dan nog in julle sondes (1 Kor. 15:17).

Ego eimi!, het Jesus na sy hemelvaart vir Johannes gesê: Ek is (*Ego eimi*) die Alfa en die Omega, die begin en die einde (Openb. 1:8).
En Johannes het soos 'n dooie aan sy voete neergeval. Maar Christus het sy hand op Johannes gelê en gesê: "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid." (Openb. 1:17,18)

Hierdie maand gedenk ons die hemelvaart van Jesus Christus.
God het Hom uitermate verhoog, sê Paulus. Baie mense glo dit nie. Maar eenmaal sal elke tong bely dat Jesus die Here is (Fil. 2:9,11). Intussen regeer Jesus Christus reeds as Koning van die konings en bewaar en beskerm Hy sy gemeente.

Moenie by Pilatus se 'ecce homo' bly staan nie.
Aanvaar die 'ego eimi' van Jesus Christus en die getuienis van die apostels, en val in aanbidding voor Hom neer!

AJdV

In Hierdie Uitgawe

Tema: Christenjeug

. Uitgaan 2

. Kerkgrense 3

. Saam op vakansie 5

. Tieners vir Christus . . . 6

. Pastorale sorg 8

. Huislik 11

. Messiaans (I). 13

. Persskou 15

. Afrika-reisigers 17
"Ons wou vir ons kinders wys dat daar meer in die wêreld is as Nederland, rekenaars, televisie, studie, werksdruk, geld ens. Verder wou ons eerstehandse kennis bekom van verskillende kulture en ook ander Christene ontmoet."

. Nederland is vol. 19

UITGAAN

Dr. AJ de Visser

TEMA: CHRISTENJEUG

Die Nederlanders noem dit 'verkering'. Die Engelse praat van 'dating'. En in Afrikaans praat ons van 'uitgaan'. In hierdie uitgawe van Kompas is daar enkele tema-artikels wat aandag gee aan jongmense en hulle verhoudings (sien die artikels van ds Kleijn en van ds Blok). Omdat in 'n paar artikels nie alles bespreek kan word nie, gee ons graag 'n lysie van literatuur wat op die mark beskikbaar is.

Behalwe nuwe boeke wat verskyn het, is dit miskien goed om te noem dat daar altyd nog uitstekende 'klassiekes' op die mark is, soos bv. die boeke van Walter en Ingrid Trobisch wat in baie tale beskikbaar is. In Afrikaans het Arnold Mol jare gelede reeds sy 'Ons wen saam' geskryf en Maretha Maartens het 'n boekie geskryf met die titel 'Ons twee wil trou…'. (Lux Verbi).

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Victoria Drukkery
Tel. (012) 331-3750

Kernredaksie: dr AJ de Visser (eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
Mev. M de Vries

e-pos: lentsu@global.co.za

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

Nederland: Mev. T Huisman
Wintersstraat 7
8331 DN Steenwijk
Tel. (0521) 517 771

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761
e-pos: aag@mweb.co.za

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos Euro 20
Lugpos Euro 30

Verder het prof. PJ de Bruyn die boek 'Die gesonde leer' geskryf waarin hy ook etiese vraagstukke behandel, soos seksuele losbandigheid, huwelikskeuse, voorhuwelikse geslagsgemeenskap, ensovoorts. Die boek is by die Administratiewe Buro van die GKSA in Potchefstroom uitgegee. Dan is daar nog die dagstukkies van dr Kobus van der Walt: 'Jy is 'n blinkpadmens', wat by dieselfde plek uitgegee is. Hy gee in hierdie boek ook rigting oor aspekte rakende voorbereiding op die huwelik.

VERKERING

In Nederlands is daar onder andere die boek van ds K de Vries met die titel 'Verkering' (in 1994 uitgegee deur De Vuurbaak in die Scala-reeks). Die boek is 'n taamlik omvattende bespreking van allerhande aspekte van 'n verhouding. Van die onderwerpe wat behandel word, is die volgende: Hoe kry ek iemand met wie ek kan uitgaan? Wat daarvan as ek alleen bly? As ek homoseksueel is? As hy of sy aan 'n ander kerk behoort? Hoe om op die regte manier te baklei in 'n verhouding. Hoe beëindig 'n mens 'n verhouding wat nie werk nie? Die seksuele kant van die verhouding. Hoe ver mag 'n mens gaan voor die huwelik?



Die boek is geskryf deur 'n jong predikant wat na aan die jeug se belewingswêreld staan. Hy benadruk die belang van goeie kommunikasie in 'n verhouding. Die doel is dat jongmense in verhoudings nie afgebreek word nie, maar dat hulle groei en opgebou word.

DATING

In Engels is daar natuurlik 'n magdom aan literatuur. Behalwe die bekende boeke en video's van dr Dobson (Focus on the Family), is daar nog vele ander publikasies. 'n Oulike boek wat onlangs verskyn het, is Young en Adams se 'The 10 Commandments of Dating' (1999, Thomas Nelson Publishers). Vir diegene wat belangstel, skryf ons die tien gebooie solank hier af:

1. Thou shalt get a life.
2. Thou shalt use your brain.
3. Thou shalt be equally yoked.
4. Thou shalt take it slow.
5. Thou shalt set clear boundaries.
6. Thou shalt save sex for later.
7. Thou shalt not play house.
8. Thou shalt fight fairly.
9. Thou shalt not ignore warning signs.
10. Thou shalt choose wisely. ¤

LIEFDE OOR KERKGRENSE HEEN?

Ds. C Kleijn

TEMA: CHRISTENJEUG

“Ek hou van ’n ou buite die kerk…” Dit is ’n mededeling wat deur ouers tereg gevrees word. In sommige gevalle volg die gerusstellende opmerking: “Maar hy is ’n lidmaat van ’n baie goeie, gereformeerde kerk.” Hoe behoort ouers te reageer? En hoe behoort jongmense self die saak te beskou? Ds Kleijn gee antwoorde.

Die keuse van ’n huweliksmaat is ongetwyfeld een van die mees ingrypende besluite wat ’n mens tydens sy lewe maak. Jy besluit mos om die res van jou lewe met die persoon te deel in ’n mees intieme en onverbreeklike verhouding. So ’n keuse is dikwels nie maklik nie. Veral as jy binne ’n klein kerkverband leef en jy maar min kerkgenote ontmoet. Wat moet jy maak as jy geen huweliksmaat binne die kerkverband kan vind nie? Is dit dan ’n opsie om met ongelowiges ’n liefdesverhouding te hê? Of met gelowiges van ander kerke waarmee ons geen formele band het nie? Dis vrae wat ons in hierdie artikel wil bekyk.

UITGANGSPUNT

Elke gelowige het die voorreg om die eiendom van God te wees. “Julle is duur gekoop” skryf Paulus (1 Kor. 6:20; 7:23). Ons is losgekoop nie deur verganklike dinge, silwer en goud, nie, maar deur die kosbare bloed van Christus (1 Pet. 1:18,19). Ek behoort nie aan myself nie. My liggaam behoort aan God. Dit is ’n tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19). Dit beteken dat ek nie vry is om met my liggaam te doen waarvoor ek lus is nie. Ek moet God in my liggaam verheerlik (1 Kor. 6:20). In die huwelik gaan ek die diepste eenheid met ’n ander persoon aan. Daarom moet ’n Christen altyd vra: word die persoon wat ek wil trou ook deur God goedgekeur as ’n huweliksmaat?

In 1 Kor. 7:39 noem Paulus een van die eerste vereistes vir ’n geskikte huweliksmaat. Paulus sê daar vir ’n weduwee dat sy vry is om te trou met wie sy wil, maar net in die Here. “Net in die Here” is die basiese reël wat vir elke Christelike huwelik geld. Elke Christen wat trou, moet “in die Here” trou. Die eerste vraag wat ’n mens moet stel is: behoort my maat aan die Here; is daar ’n gemeenskaplike geloofsband met die Here? Dis natuurlik nie die enigste vraag wat gestel moet word nie, ons moet ook bymekaar pas. Maar dis wel die eerste vraag. Indien die vraag nie in positiewe sin beantwoord kan word nie, is die deur toe en hoef ons geen verdere vrae te beantwoord nie. Hierdie grondreël word deur die hele Bybel heen aan ons voorgehou. Huwelike met ongelowiges het tot die sondvloed gelei (Gen. 6:1-7) en God se oordeel oor sy volk uitgelok (Num. 25; Neh. 13). Sien verder ook 2 Kor. 6:14-16, waar Paulus die gemeente waarsku om nie in dieselfde juk as ’n ongelowige te trek nie.

MET ONGELOWIGES?

Dis geen onverskillige saak met wie ons ’n liefdesverhouding opbou nie. Dis nie slegs ’n persoonlike saak nie. Dis ’n saak wat in die eerste plek my verhouding met die Here God raak. Die keuse van ’n huweliksmaat is ’n saak van die verbond. Die Here het gesê: “Jy behoort aan My. Ek het jou gered sodat jy My sal dien.” Maar as ek ’n ongelowige trou, speel ek ’n speletjie met sy verbond, met sy liefde vir my. Dan lei ek nie slegs ’n buitestander binne in my huis nie, maar ook ander gode. Dan plaas ek my bestaan as Christen op die spel.

Deur my hart te gee aan iemand wat God nie liefhet nie, stel ek nie slegs God teleur nie, maar ook God se volk, tot wie ek myself by my belydenis verbind het. Ek het belowe dat ek God as ’n lewende lid van sy kerk sou dien. Maar deur te wil trou buite die Christelike gesin sê ek iets anders. My woorde sê een ding en my dade die teendeel. Ek handel troueloos met God se volk. Sien Mal. 2:10,11. Ek sê dat ek verbind is om met God se volk tot sy eer te werk. Maar ek besef nie dat my keuse van huweliksmaat dit versterk of verswak nie. Indien ek met ’n Christen trou dan kan ons saam ons kragte aan God se werk gee. Maar as ek ’n nie-Christen trou, ook al bly ek kerk toe gaan, sal ek van twee kante getrek word, om vir God se koninkryk te werk of om my huweliksmaat tevrede te stel.

Miskien dink iemand in sy jeugdige optimisme: Ek sal hom of haar trou en dan sal hy of sy wel ’n Christen word. In God se groot genade gebeur dit somtyds. Dit gee ons egter nie die reg om God se wil op hierdie punt te negeer en God te versoek nie. Die teenoorgestelde gebeur ook dikwels, naamlik dat mense afval. As dit met ’n man soos koning Salomo kon gebeur, kan dit ook met ons gebeur. ’n Huwelik is ook nie ’n instituut vir evangelisasie nie.

Maar is daar dan geen ruimte vir ’n liefdesverhouding met ’n ongelowige nie? ’n Liefdesverhouding is tog nog geen huwelik nie? Tydens so ’n verhouding sou die ander persoon miskien tot geloof kan kom. Dan sou die huwelik tog nog “in die Here” gesluit kan word. ’n Liefdesverhouding is egter nie ’n vryblywende saak nie. Wanneer ek ’n vaste verhouding aangaan, dan is ek tog besig om die verhouding te laat groei na ’n huwelik toe? Is dit dan eerlik om so ’n liefdesverhouding met ’n ongelowige te hê terwyl ek vantevore weet dat daar geen sprake van ’n huwelik kan wees, tensy die persoon ’n gelowige is nie? Skep ek nie so

valse verwagtings nie? Maak ek dit ook nie baie moeilik vir myself en my maat om die verhouding af te breek, indien dit sou blyk dat my maat tog nie tot geloof kom nie? In so 'n liefdesverhouding is ons mos besig om emosioneel en fisies na mekaar toe te groei. Is dit nie eerliker teenoor God en mekaar om vooraf duidelik te stel dat daar geen liefdesverhouding kan wees, tensy daar eenheid van die geloof is nie?

Bowendien, ek wil graag my vriend of vriendin aanspoor om die Here te dien, maar hoe kan ek dit doen wanneer ek self teen God se wil ingaan wat betref my keuse van vriend of vriendin? Ek vertel dan die ander persoon om iets te doen wat ek self nie eers doen nie. Deur ons godvresende lewe moet ons ons naaste vir Christus probeer wen. In ons kontakte met ongelowiges is dit daarom des te belangriker om konsekwent in die diens van die Here te wees. Kan ons wel konsekwent vir die Here lewe as 'n lewende lidmaat van sy kerk terwyl ons 'n liefdesverhouding het met iemand wat die Here nie dien nie? Wanneer ek sterk tot 'n ongelowige aangetrokke voel, dan moet ek besef dat God besig is om my op die proef te stel. Sal Hy nommer een vir my bly? Sal ek Hom ten alle koste trou bly of sal ek op grond van my gevoelens my beginsels opoffer? Om in so 'n situasie vol te hou dat God en sy woord alles vir my beteken sal nie maklik wees nie en sal teleurstelling en pyn veroorsaak. Maar langs die pad van gehoorsaamheid aan Hom mag ek uiteindelik sy seën verwag.

M*ET ANDER GELOWIGES?*

Dis duidelik dat die Here liefdesverhoudings met ongelowiges verbied. Wat dan van verhoudings met gelowiges van ander gemeentes buite ons kerkverband? Dis duidelik 'n ander situasie. Die feit dat ons juis binne ons kerke 'n eenheid van geloof bely en ervaar, wil nie sê dat daar geen eenheid van geloof met mense buite ons kerke kan wees nie. Die feit dat ons bely dat ons kerke ware kerke van Christus is, maak alle ander kerke nog nie vals nie. Ons mag dankbaar wees dat ons reëlmatig 'n eenheid van geloof ontdek met mense buite ons kerkgrense. Ons mag ook dankbaar wees dat daar nog ander, veral plaaslike, kerke is waar die kenmerke van die ware kerk herken kan word.

Ons sal egter versigtig moet wees. Dit geld trouens ook binne ons eie gemeentes. Nie elke persoon wat homself as 'n Christen aandien, is ook metterdaad 'n ware gelowige nie. Die vraag is nie slegs of iemand God dien nie, maar ook **hoe** hy die Here dien. Dis nie voldoende om te sê: solank ek nie 'n duidelike ongelowige kies nie, maar 'n Christen, is alles in orde. Die Samaritane het ook beweer dat hulle die Here gedien het (Esra 4:2). Tog het die Here die huwelik tussen Joodse en Samaritaanse jongmense verbied (Esra 9). Waarom? Omdat die Samaritane die Here op 'n eiewillige manier vereer het.

Ons sal dus goed moet onderskei. Dit maak 'n groot verskil waar die persoon vandaan kom en hoe die persoon hom of haar opstel. So maak dit byvoorbeeld 'n groot verskil of die persoon 'n lewende lidmaat van die Kandelaargemeente is of lid is van 'n vrysinnige NG-gemeente. Dit is belangrik dat die persoon op die hoogte van die kerklike situasie is en werklik lief is vir die waarheid en bereid is om daarvoor pynlike keuses te maak. Dit gaan daaroor dat daar werklik 'n eenheid in die ware geloof blyk. So kan die liefdesverhouding 'in die Here' begin en tot 'n huwelik 'in die Here' lei. Intussen bly die kerkkeuse 'n baie ernstige saak wat in biddende oorleg en in gehoorsaamheid aan die Here en dus in ooreenstemming met ons gereformeerde belydenisskrifte uitgesorteer moet word. Die eenheid van die geloof moet uiteindelik tot volle uitdrukking kan kom aan een nagmaalstafel in 'n waarlik getroue kerk van Christus.

GEVOLGTREKKING

Wanneer 'n mens 'n huweliksmaat soek, moet hy eers aan die verbond met God dink. Die keuse van 'n huweliksmaat het alles te doen met ons verhouding met ons hemelse Vader en met sy verbondsgemeente. Hier geld die reël: eers die verbond met die Here, slegs dan die huweliksverbond. Eers die geestelike band met my maat – eers een in die geloof - daarna een in die huwelik. Dan soek ek iemand wat by dieselfde Vader behoort, 'n broer of suster in die Here. ¤

SAAM OP VAKANSIE?

Ds. MJC Blok, Amersfoort (Nederland)

TEMA: CHRISTENJEUG

Jy is jonk en verlief. Jou vriend is ook jonk en verlief. Die vakansie kom nader. Wat is lekkerder as om saam vakansie te gaan hou?
Of: Julle hou van mekaar. Wat is dan nou lekkerder as om in die naweke bymekaar te wees? Oordag by mekaar. En ook snags. Is dit verstandig?

Oor hierdie vrae wil ons in hierdie artikel nadink. Na my mening raak bostaande situasies al hoe meer normaal vir ons. Dit is mos ons eie saak wat ons in ons verhouding doen? Bepaal die jongmense nie sommer self wat mag en wat nie mag nie? Hoe moet ons as ouers hierop reageer? En as kerkraad?

HOE REAGEER ONS?

In ons tyd is dit normaal om seksualiteit te beleef ook as daar nie 'n vaste verhouding is nie. Indien jy maar veilige seks het, met 'n kondoom. Seks is in ons samelewing vry, solank jy 'veilig vry'. Seks voor die huwelik is dan logies. Almal aanvaar dat "dit" gebeur as jy 'n vaste verhouding het. "Ons het mos 'n vaste verhouding; dus wat daarvan!"

Die Bybel leer ons dat die belewing van seksualiteit slegs in die "totaalrelasie", binne die huwelik, toegestaan word. Ons verwys hier na Hooglied en op die voorbeeld van Josef en Maria. Ons kan ook Deuteronomium 22:20,21 noem. As dit bekend geword het dat 'n meisie nie as 'n maagd in die huwelik getree het nie, moes sy gestenig word, omdat sy ontug gepleeg het. Ontug is die onbedoelde gebruik van seksualiteit. Uit 1 Korinthiërs 7 blyk ook dat slegs in die totaalrelasie van die huwelik die intieme kontak tussen man en vrou toegelaat word. Dit is beter om te trou as om van begeerte te brand (1 Kor.7:8). Wie na die liggaamlike eenheid met 'n man of 'n vrou verlang, moet eers trou. Ook en veral kan daar gewys word op Genesis 2:24: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle sal een vlees wees". Eers vader en moeder verlaat, dan julle aan mekaar heg en ten slotte die liggaamlike oorgawe. Die oorgawe is 'n eindpunt van 'n bepaalde ontwikkeling, nie 'n beginpunt of 'n halte êrens op pad nie. Eindpunt en hoogtepunt. En tegelykertyd 'n nuwe begin: saam verder as man en vrou.

Daar sou nog meer hieroor gesê kon word. Oor hierdie onderwerp is daar heelwat goeie en gereformeerde voorligting beskikbaar.

SORG DAT UITGAAN UITGAAN BLY

Dink jouself in dat julle in die uitgaanstyd al die diepste intimiteit beleef het. Julle het gemeenskap gehad. Dink jouself vervolgens in dat julle verhouding verbreek, omdat julle tog nie regtig met mekaar oor die weg kan kom nie. Dan was julle immers in God se oë ontrou?

Uitgaan is "net nog maar" uitgaan. 'n Proeftyd. 'n Tyd van kennismaking. Julle kyk of julle bymekaar pas. Is ons vir mekaar bedoel?

Solank as wat jy uitgaan, kan jy die verhouding nog verbreek. As dit gebeur is dit natuurlik baie hartseer, maar dit kan nodig wees. Beter ten halwe gekeer as ten volle gedwaal...

Moenie in die uitgaanstyd maak asof julle al getroud is nie. Julle is besig om 'n verhouding op te bou. Julle verken mekaar. Julle praat met mekaar. Julle gaan kuier by vriende. Julle bid met mekaar en lees saam uit die Bybel. Dit is tog so? Julle leer mekaar steeds beter ken. Mekaar se goeie en swak punte.

Laat uitgaan uitgaan bly! Julle is bymekaar, maar deel nog nie alles nie! Jy wil self ook nog nie alles deel nie: jy wil byvoorbeeld tog nie daaraan dink dat daar in die uitgaanstyd al kinders kom nie.

Wanneer jy verlief is, verlang jy na die ander. Ook na die liggaam van die ander. Julle raak mekaar aan, streel mekaar en soen mekaar. Julle groei liggaamlik steeds meer na mekaar toe. Julle wil julleself aan God se leefreëls hou. Ook wat betref belewing van seksualiteit. Dit is beslis nie maklik in ons kultuur met sy baie seksuele prikkels nie.

Dit is belangrik dat julle saam oor hierdie dinge praat. En saam keuses maak. Praat ook met goeie vriende en vriendinne. Dit is ook belangrik dat ouers hulle kinders hierin die regte leiding te gee! Wil ons bly by die Bybelse ABC vir seksuele omgang tussen man en vrou? As julle hierdie vrae nie saam bespreek nie, is die kans groot dat hartstog julle gaan beheers. Om te vry is altyd makliker as om te praat. En in die naweek wil jy darem 'n bietjie ontspanning hê... Maar wil jy ook met jou seksuele omgang die Here dien?

As julle saamstem oor die beginsel om nie voor die huwelik saam te slaap nie, kan julle saam konkrete afsprake maak. Julle besluit byvoorbeeld om:

- geen voorbehoedmiddels aan te skaf nie;
- snags nie by mekaar te bly nie, tensy ander persone by is;

- mekaar se klere nie uit te trek nie;
- mekaar nie te bevredig nie.

Dit klink miskien nogal negatief: nie..., nie..., nie... Maar hierdie negatiewe formulerings kan 'n baie positiewe uitwerking hê: om mekaar voor God se aangesig steeds beter te leer ken. En dit met 'n goeie gewete!

'n Mens staan voor 'n groot taak as jy jouself vandag aan God se leefreël wil hou. Met val en met opstaan mag jy baie van God se Gees verwag. En van God se vergewing in sy Seun, Jesus Christus. Wie hierin sonder sonde is, laat hy die eerste klip gooi...

SAAM GEDURENDE DIE NAWEEK

As julle gedurende die naweek bymekaar oorslaap, sorg dat daar ander by is. Maak goeie afsprake: die seuns in een kamer en die meisies in 'n ander kamer. Gaan julle saam op vakansie, doen dit liewer met 'n groep: ouens in een tent en die meisies in 'n ander tent. Maak as groep afsprake. Kerkrade sou hierin advies kon gee.

Sou dit nie moontlik wees om as groep saam te wees (met goeie afsprake) nie, maar alleen saam, dan kan die volgende 'n goeie reël wees: laat een van beide êrens anders oornag, by 'n goeie vriend of vriendin. Hierdeur gaan daar ook 'n positiewe boodskap uit na die res van die jeug.

Soms kry ek die idee dat daar binne Christus se gemeente oor hierdie dinge baie verskillende lewenspraktyke bestaan. Dit behoort nie so te wees nie. Kerkrade het die taak om ook op hierdie gebied geestelike leiding te gee.

Vertaalde artikel uit Nader Bekeken, Jrg. 9 nr.3 Maart 2002 ¤

TIENERS VIR CHRISTUS

Inge de Visser

TEMA: CHRISTENJEUG

Die sogenaamde 'klein jeugverenigings' is 'n gevestigde verskynsel in ons gemeentes. Jongmense van 12 tot 15 jaar kom elke week bymekaar om onder leiding van 'n ouer persoon Skrifgedeeltes te bespreek. Dit is 'n uitdaging om leier van so 'n jeugvereniging te wees! Mev. Inge de Visser vertel meer daaroor.

Vanaf Januarie hierdie jaar mag ek weer 'n leidster van 'n Bybelstudiegroep met tieners wees. Ons kom elke Vrydagaand bymekaar en dit is pragtige werk.

Die doel van ons samekomste is om ons Heiland beter te leer ken. Daarom gebruik ons die uur wat ons het, volledig om Bybelstudie te doen. Tyd vir 'vrye bydraes' of ander vorme van ontspanning is daar nie.

Laat ek my vyf uitgangspunte opsom, om duidelik te maak wat in my gedagtes is as ek vir die aande voorberei.

VRAE VRA

Danksy onderrig in die kerk en die gereformeerde skole het tieners alreeds baie kennis. Hulle kennis van Bybel en belydenis is deeglik. Maar hulle weet ook van die sonde in die gesinne en in die kerk. Party van hulle het 'n persoonlike worsteling omdat hulle uit voel en nie deur die groep aanvaar word nie.

Die tienertyd is 'n belangrike periode om met vrae besig te wees. Nie net kennisvrae nie, maar lewensvrae. Juis in hierdie fase van verwarde gevoelens en onsekerheid. Mag hulle dit uitspreek? Of skep ons 'n atmosfeer van: 'n gereformeerde seun praat nie so nie en gereformeerde dogters vra nie daardie vrae nie, want ons ken die antwoorde immers lankal uit die Bybel? Ek dink dat ons hulle nie so mag benader nie. As hulle net stilbly oor al die dinge waarmee hulle besig is, hoe sal hulle groei?

By die skool, deur die TV en deur maats kan daar baie dinge op hulle afkom waardeur onsekerheid gesaai word. Dit is belangrik dat ons daaroor kan gesels sonder om mekaar skuldig te laat voel. Ons behoort mekaar nie onmiddellik in die kamp van die ongelowiges te plaas nie. As ons Bybelstudie doen, mag daar vrae gevra word. Ek stimuleer hulle selfs om krities na te dink en nie alles as vanselfsprekend te aanvaar nie, voordat die moeilike dae van vertwyfeling kom en hulle nie antwoorde opgebou het nie.

SEKERHEID

Die antwoorde wat ons as leiers gee kan belangrik wees vir die groei van die geloof. Dit gaan nie altyd oor perfekte antwoorde nie. Ons kan nie altyd die Here se dade deurgrond nie. Ons weet nie altyd waarom die Here iets doen nie. Dit moet ons ook openlik bely, tot troos van kinders wat sukkel om vrede te maak met hulle eie situasie. Een ding is seker: die Here is in beheer en Hy is goed! By die voorbereiding is die volgende altyd in my gedagtes: die Here is met sy genade aanwesig. Dit help, as mens daardie "jeans-manne" en -vroue sien sit en "chappies" kou. Die Here is oor hierdie klomp bewoë en soek ook deur hierdie Bybelstudie hulle hart en hulle oorgawe. Sy liefde duur ook vir hulle tot in ewigheid.

Ons sal praat oor die sondes wat ons doen. Konkreet. Hulle voel ook maar sleg as hulle partykeer saam vloek met ander. As hulle skelm met verkeerde maats uitgaan. Hulle ken ook die slegste kant van die TV en video. Hulle drink partykeer bier en weet wat

dit is om so ’n bietjie swewerig te voel. By die Bybelstudie het ons die doel om mekaar te ken en te verkondig dat die Here bo al hierdie dinge wat ons doen, staan. Hy het ons lief en ken ons. Dit help nie om onsself vir die Here weg te steek nie.

Ons kan sy liefde leer ken deur na te dink oor hoe die Here Jesus vir ons gely het. Dit beteken glad nie dat ons die sondes goedpraat nie, maar wel dat ons ons sondes leer bely en dat ons die krag van Christus se opstanding leer ken. Tieners kan baie entoesiasties raak vir Christus, omdat hulle hulle eie onmag leer insien. Wat ’n wonder as hulle begin besef dat die Here regtig vergewe!

EGTHEID

Jongmense is gelukkig krities. Hoe goed is dit dat die Here aan ons jongmense gee, wat ons kan toets, terwyl hulle hul eie sienings op die lewe ontwikkel. Dit is ’n genade vir volwassenes dat hulle daar is met hulle oë en ore en veral met hulle monde! Dit help ons om vir hulle eg en waar te wees. Hulle voel skerp aan as ons iets vir hulle verberg of voorgee. Vir ons as leiers is dit God se kontrole op ons lewe. Ons kan daaroor dankbaar wees. Tieners help ons om baie bewustelik te leef.

Dit beteken ook dat ons ons bes sal doen om al die broeders en susters wat ons voorgegaan het, te leer ken as egte mense! Die Bybel vertel ons hoe die Here met hulle ‘gewerk’ het en ons kan daarvan leer! Wat leer ons oor Abraham? As ons lees hoe ryk die Here hom gemaak het, dan moet ons minstens dink in terme van 5 BMW’s en 6 Mercedesse in ons tyd. Dan begin dit vir hulle leef. Kamele beteken niks vir ’n tiener in Pretoria wat belangstel in ‘motorbikes’ nie. Dit is nie deel van sy belewingswêreld nie.

As ons Abraham en sy leefwêreld goed wil leer ken, moet ons tyd neem en inleef en ’n brug probeer slaan na vandag se tyd. Dan sal ons onsself kan indink en nie veroordeel as Abraham ongeduldig raak wanneer hy so lank op die vervulling van God se beloftes moet wag nie. Hoe hanteer ons dit as daar iets aan ons belowe is? Ons kan mos ook nie wag nie? Ons kry respek vir ons voorvader, omdat hy deur moeite moes gaan. So herken ons ook ons eie ongeduld. Ja, ouers en leiers het ook dieselfde probleem. Die tieners het dit lankal waargeneem. Hulle moet nog net hoor dat ons dit erken. Juis daardeur kan die ontsag vir God se oneindige liefde toeneem. Ons leef saam as mense wat hulle sondes ook erken en wat leef onder die oë van ’n vergewende God. Ons sal aan Hom nooit genoeg dankie kan sê nie!

PERSOONLIKE BENADERING

Ek is baie dankbaar dat ons studiegroep nie groter as twaalf tieners is nie. As daar meer sou wees, sou ek nie die orde positief kon handhaaf nie. Hulle is almal lewendige persone en elkeen is waardevol. So ken ons mekaar: die een met oulike tekkies, die ander met ’n eie haarstyl. Die een se ouma is siek, die ander een se skoolkamp was lekker. Hulle hou van die nonsens TV-program ‘Dark Angel’ en is haastig om huis toe te gaan om dit nog te kan sien.

Elke tiener is soos hy is en moet voel dat daar vir hom of haar omgegee word. ’n Mens weet nie altyd van dinge wat tuis of by die skool gebeur het nie. Maar by die Bybelstudie is hulle welkom.

BETROKKE RAAK

Betrokke wees is belangrik. Die Bybelwoorde moet impak op die tieners se gedagtes kry. Ons lees die Bybel baie keer uit gewoonte. Dit is nie verkeerd nie, maar dit kan die effek hê dat die bekende woorde nie dieper insink nie. Bybelstudie moet ons raak. Die stem van die Here moet ons hart bereik.



Byvoorbeeld Genesis 12. Die geskiedenis was by die tieners oorbekend. Daar was geen nuwe elemente nie. By die skool en by katkisasie is dit al dikwels behandel en by die huis is dit ook al baie keer gelees. Daarom benader ons die studiegedeelte ’n bietjie meer direk. Waarom noem ons Abraham die vader van alle gelowiges? Wat is dit om te glo? “Om te glo is om alles wat in die Bybel staan te aanvaar”, sê hulle getrou. Pragtige gereformeerde kinders. Maar wat sê mens dan met die woord glo? Wat moes hy dan glo? “Het ons

ook dinge wat ons moet glo, maar waaroor ons onseker is? Vir my is dit partykeer maar moeilik om in te dink dat die Here regtig opgestaan het uit die dood! Dit beïndruk my so baie…"
Baie versigtig kom die een met die jel-hare: "Ja, ek kan dit ook amper nie glo nie dat ons weer gaan opstaan as ons dood was nie…"
Skrik die ander tieners van hierdie woorde? Nee, hulle voel meer vry om hulle eie vrae ook te vra.
"Ek weet nie of die wêreld wel in so 'n kort tyd geskape is nie, hoe kan dit alles? Ons leer so baie ander goed daaroor..."
"Ek kan amper nie glo dat die mense wat nog nooit van Hom gehoor het nie sommer doodgaan in die hel. God het hulle tog ook geskape?…"
"Waar is die hemel eintlik...?"
"En ek weet nie waarom daar in party gesinne soveel verdriet kom nie…"

Daar was die gesprek! Elke voorbeeld kon bespreek word sonder om mekaar te veroordeel. Ons kon die vrae eerlik onder oë sien en dit by die Here bring. Ons het gesien dat om te glo meer is as om met jou mond die Bybel na te spreek. Dit gaan ook om aanvaarding van die Here se leiding in jou lewe. Aan die einde het ons die Here gedank dat Hy groter is as al ons vrae en dat Hy magtig genoeg is om ons rus te gee.

TIENERS VIR CHRISTUS
Die tienertyd is belangrik vir lewenskeuses. Bybelstudie in verenigingsverband kan 'boring' wees as ons net op kennisvlak bly. Dit kan boeiend raak as jy self regtig daarin betrokke raak. Mag die studiebyeenkomste stimulerend inwerk en die tieners 'n groeiende verlange gee om die Here met hulle hele hart te dien. Want Christus, die Here, het planne met hulle. Planne vir die toekoms van sy kerk. ¤

PASTORALE SORG VIR KINDERS EN TIENERS

TEMA: CHRISTENJEUG

Word jou kind dalk by die skool baie gepes? Is jy miskien bekommerd dat jou tiener seun of -dogter betrokke geraak het by dwelmgebruik en weet jy nie eintlik wat om te doen nie? Sukkel jy om oor belangrike sake met jou opgroeiende kinders te kommunikeer?

Om hierdie tipe probleme aan te spreek is daar in Januarie in die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria 'n kursus 'kinderpastoraat' aangebied. Die dosente was van die stigting CHRIS uit Nederland. Die Kompas-redaksie het 'n uitvoerige verslag van die kursus ontvang wat deur verskillende kursusgangers geskryf is. In hierdie artikel gee ons 'n seleksie uit die verslag. Die volledige verslag is beskikbaar by Christine Hordijk in Pretoria by e-pos-adres: lhordijk@freemail.absa.co.za.

SORG
Sorg vir kinders (en volwassenes) is baie belangrik in die gemeente. Daar is drie vlakke van sorg.

Eerstens is daar die basiese sorg. Dit is die herderlike taak van elkeen in die gemeente. Ons moet oog hê vir die behoefte van ander in die gemeente. Voorbeeld: stuur 'n kaartjie aan 'n sieke of besoek 'n eensame.

Die tweede vlak is die spesifieke sorg. Soms is daar meer hulp nodig: iemand met meer ervaring en deskundigheid op 'n spesifieke gebied, byvoorbeeld by egskeiding waar die kinders moeite het, of hulp vir 'n alleenstaande ouer.

Wanneer daar ernstige probleme ontstaan is die derde vlak, professionele sorg, nodig. Bestaan daar 'n lys van Christelike hulpverleners onder ons waarheen ons iemand kan verwys? As 'n kind professionele sorg nodig het beteken dit nie dat die gemeente geen verantwoordelikheid meer dra nie. Spanwerk is dan baie belangrik.

Daar is ooreenkomste tussen sorg vir volwassenes en kinders, maar tog is die professionele sorg aan tieners en kinders anders as die sorg vir volwassenes. Daar is drie redes hiervoor:

1. *Ontwikkeling*: Kinders ontwikkel namate hulle ouer word. 'n Mens moet hiervan op hoogte wees. Kennis van normale en gesonde ontwikkeling is nodig.
2. *Sosiale netwerk*: By kinders en tieners is die ouers nog betrokke. Hoe is die verhouding tussen hulle? Hoe is die omgang met ander mense soos oupa en ouma?
3. *Kommunikasie*: Tieners kommunikeer anders as volwassenes. Dit is soms nodig om jou eie idees te laat staan en by hulle s'n aan te sluit.
4. *Relasie*: Volwassenes sal meestal self vir hulp vra, maar kinders nie. Vertroue is hier 'n baie belangrike begrip.

OUERSKAP
Gedurende die kursus het dit telkens weer duidelik geword, hoe belangrik die huwelik van die ouers is. Kinders uit 'n goeie, gesonde huwelik het gewoonlik minder probleme. Die huwelik van die ouers is belangrik vir die kind se eiewaarde, die puberteit en die opgroei tot 'n gebalanseerde volwassene. Dit is daarom van uiterste belang dat ouers altyd aan hulle huwelik werk, sodat die kinders in 'n veilige omgewing groot word.

Behalwe die huwelik van die ouers speel die gesinslewe ook 'n

belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Pa en ma moet 'n rol speel in die lewe van die kind. Die kind moet by altwee heeltemal geborge voel.

Die ouers is in die eerste plek die pastors van hulle kinders. Hulle moet die klein probleme wat in die lewe van hulle kinders is, raaksien en help oplos. So voorkom hulle dat die klein probleempies tot groot probleme uitgroei. Om dit te kan doen, moet ons ons kinders goed ken. Ons moet raaksien wanneer daar iets is wat die kind pla. Daarom moet ons dag in dag uit belangstel in ons kinders en nie net tydens die sogenaamde kwaliteituurtjie in die week nie. Dit werk regtig nie.

Gevoel van eiewaarde is vir 'n kind belangrik. Ons moet onthou dat solank kinders klein is, hulle hul eiewaarde aan ons ontleen. Hulle kyk na die ouers. Eiewaarde beteken dat jy weet, dat jy baie beteken vir God, omdat jy na God se beeld geskep is. In Deut. 6:4-7 staan dat ons God met ons hele hart moet liefhê. Die kind sien hoe die liefde vir God in ons lewe gestalte kry en identifiseer homself daarmee. Sorg daarom dat die dinge van God in jou hart is en dat jy dit uitleef! Die kind sal dit raaksien en selfvertroue daaraan ontleen.

In Spreuke 22:6 staan: "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie." Ons moet ons kinders van jongs af leer, om in die weë van die Here te wandel. Om dit te doen, moet ons ons kinders se karakters ken. Dan kan dit wees dat jy iets by die een kind wel toestaan en by die ander kind nie. Om jou kind regtig te leer ken moet ouers tyd en aandag in hulle kinders investeer.

Opvoeding en tugtiging loop saam. Lees Hebr. 12:5-11. Tugtiging is 'n middel om die kinders op die paaie van die Here te hou. Tug en dissipline is die basis van 'n gelukkige lewe. Kinders wat met duidelike reëls en grense groot word, word oor die algemeen gebalanseerde volwassenes. Grense bied veiligheid.

PES

'n Spesifieke probleem waarmee sommige kinders worstel is dat hulle deur ander maatjies gepes word. Die kind wat gepes word is gewoonlik angstig en onseker. Hy/sy is onopvallend en handhaaf gewoonlik 'n lae profiel. Hulle huil makliker of onttrek hulle sosiaal. 'n Lae gevoel van eiewaarde is meestal 'n oorsaak en/of gevolg van pes. Die kind het dikwels nie vriende nie en is fisiek swakker of "anders" as die res van die groep waarby hy/sy hoort. Soms het die kind 'n afkeer aan geweld. Hulle word gou deur ander beheer en laat hulle dan gebruik. Die slagoffer word angstig, voel magteloos, uitgesluit, verneder en kry selfs gedagtes oor selfmoord.

Die 'verpesters' (die kinders wat ander kinders pes) het ook sekere kenmerke. 'n Kenmerkende eienskap van verpesters is hul aggressie ten opsigte van hul leeftydgenote. Hulle is ook dikwels aggressief teenoor volwassenes. Hulle het deurgaans 'n positiewe houding t.o.v. geweld, baie meer as hul ouderdomsgroep. Hulle word gekenmerk deur impulsiwiteit en 'n sterk behoefte om ander te domineer. Hulle kan hulself moeilik inleef in die gevoelens van ander.

Hoe kan ons die kind wat gepes word help? In die eerste plek is dit belangrik om die kind se verhaal ernstig op te neem. Probeer jouself in die kind se posisie indink. Onthou dat hy/sy nog 'n kind is, m.a.w. op pad na volwassenheid en dus nog nie die nodige kennis en ervaring het om die situasie te hanteer nie.

Verder: Laat die kind toe om sy/haar verhaal te vertel. Luister na die kind. Troos die kind met die troos waarmee God se Woord ons troos. Wys hom/haar daarop dat ons nie meer slawe van mense is nie, maar kinders van God, duur gekoop met die bloed van ons Here Jesus. Lees vir hom/haar toepaslike dele uit die Bybel. Bid met die kind en doen voortdurend voorbidding vir hom/haar.

Verder is dit belangrik dat ons die kind leer om sosiaal vaardig te wees. Die meeste kinders wat gepes word, skakel om een of ander rede sosiaal nie goed in nie en dit maak hulle juis sagte teikens vir die verpesters. Daar is kursusmateriaal oor hierdie onderwerp beskikbaar.

Nog twee laaste adviese:
Eerstens: Probeer om die kind in te skakel by 'n positiewe groep.
Tweedens: Die skool en ander verenigings waar die kind saam met die verpesters is, moet in kennis gestel word. Sosiale kontrole vanuit die skool en ander gemeente aktiwiteite, bv. verenigings, is baie belangrik.

BLOEDSKANDE EN MOLESTERING

Bloedskande en die molestering van kinders is ’n groter wordende probleem dwarsoor die hele wêreld. Dit vind ook plaas in Christenhuise met Christenkinders. Daarom is daar tydens die kinderpastoraat ook aan hierdie onaangename onderwerp aandag gegee. Die grootste uitdaging en probleem vir ouers is om jou kind teen bloedskande en molestering te waarsku en te beskerm.

Dit is belangrik om te besef dat bloedskande magsmisbruik is en die verbreking van die vertrouensverhouding tussen ’n persoon en ’n afhanklike familielid en dat dit nie slegs oor seks gaan nie. Daar is ongelukkig baie wanopvattings en vooroordele ten opsigte van bloedskande en molestering wat uitgeroei moet word. So word soms geargumenteer dat die slagoffer dit ‘uitgelok’ het. Dit is nooit waar nie. Soms word geglo dat dit net in swak sosio-ekonomiese omstandighede plaasvind. Dit vind egter in alle omstandighede plaas. Ons wil liewer glo dat dit darem nie in ons kerk of kring plaasvind nie. Ook dit is ongelukkig ’n illusie.

’n Pastorale werker of hulpverlener wat met gemolesteerde kinders werk, moet eerstens die kind se vertroue wen. Hy moet ook sonder huiwering ander hulp, veral professionele hulp inroep, indien dit nodig is of wanneer die pastorale werker nie opgewasse vir die taak voel nie. Die kind kan op die volgende maniere gehelp word:

- glo die kind
- stel die kind gerus dat die bekendmaking van die molestering en die bloedskande die korrekte optrede was
- bied aan die kind veiligheid: moet nooit die slagoffer “in die koue laat staan nie”
- maak dit vir die kind makliker deur te vra of daar sprake is/ was van onaanvaarbare seksuele kontak
- respekteer die lojaliteit van die slagoffer teenoor die familie of gesin, al is dit moeilik
- bid vir die slagoffer
- leer die slagoffer om sy/haar woede te uiter en daardeur duidelike grense te stel: met my gebeur daar niks tensy ek toestemming daartoe gee nie
- observeer die kind tydens spel om probleemareas te identifiseer
- laat die kind sy/haar lewe skets in die vorm van ’n lewenslyn

Bloedskande en molestering is angswekkend vir die slagoffer, daarom moet ons nooit huiwer om so ’n slagoffer te help, totdat die probleem ten volle aangespreek is nie. ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Van Stryd tot oorwinning: 7x7 Visioene in Openbaring. Skrywers: DR B DUVENAGE EN M J AMSENGA. Uitgegee deur die Bybelskool in Centurion. Negende druk 2002. Die teikenleser van hierdie boek is die ernstige gelowige wat persoonlik of as deel van ’n Bybelstudiegroep dieper wil indring in en meer wil weet oor die stryd tussen God en Satan, kerk en wêreld en so meer betrokke wil raak by hierdie stryd. Die boek wil nie net nog weer ’n kommentaar wees nie maar wil vanuit die komposisie of geheel daarvan na die besonderhede kyk. Gewoonlik behandel kommentare die boek vers vir vers of in perikope maar ons wil eerder ’n sleutel probeer gee om die geheelstruktuur te ontdek waarbinne verdere detailstudie onderneem kan word. Die prys is R49,95. Aantal bl 148

VAN REEST, R: Israel’s Hope and Expectation (vertaling van: De Grote Verwachting). Jacob ben-Ishboseth was born to be a priest, but as a young man he shied away from Jerusalem en the Temple. Much as he loved his father, he could not share his love of the Temple, for the sacrifices repelled him. After suffering a deep disappointment, Jacob took up the simple life of a shepherd in the fields near Bethlehem. There, one night, he heard the song of the angels and encountered Israel’s Hope and Expectation. He helped spread the news that the long-awaited Messiah had come. Yet the good news did not meet with a response of faith…



Die bekende boek van die bekende skrywer, in Nederland nie meer verkrygbaar nie, maar nou beskikbaar in hierdie vertaling. Die prys is R146,95

ZIJN TROUWE GUNST – cd nr 197031 – Christelijk Mannenkoor Salvatori, Nunspeet o.l.v. Marcel van de Ketterij, met Henk Dijkhuizen, bariton; Johan Bredewout, vleugel en Klaas Jan Mulder, orgel. Ps5, Ruwe stormen mogen woeden, Ps 68, Ere zij aan God de Vader, ens. R115

CD nr 198027: SPIRIT OF PIPES – Trio Avanti (panfluit: Noortje van Middelkoop en Liselotte Fennema; orgel: Martin Mans). Slavonic Dance nr 1 en 2, Exodus, Roumanian Suite, Solveig’s Song, ens. R115 ¤

HUISLIK[1]

Dr. Hanno Boon

LEWENSWANDEL

Die taak van 'n vrou by die huis word nie vandag na waarde geskat nie. Om huislik te wees, om 'n huisvrou te wees word in negatiewe sin geassosieer met die ruil van doeke, die dra van 'n voorskoot en hande in die skottelgoedwater. Om 'n beroep ten alle koste na te jaag en 'n suksesvrou te wees word vandag baie hoog aangeslaan. Hierdie gejaag gaan nie oor broodwinnerswerk van die ma omdat haar man se inkomste ontoereikend is vir die oorlewing van die gesin nie en dit vir haar verdrietig is om nie meer tyd tuis te wees nie, maar terwille van die najaag van materiële luukshede.

In hierdie tyd is dit goed om te weet dat die Here moeders in sy Woord beveel om huislik te wees, om huisvroue te wees. Wat beteken dit dat die Here die vroue in sy gemeente opdra om huisvroue te wees?

Ons lees die woord *huislik* as die Heilige Gees Paulus inspireer om aan Titus te skrywe. Titus moet die 'ou vroue' in die gemeente aanmoedig om die 'jong vroue te leer om…**huislik**…te wees' (Titus 2:4). Hierdie woord was toepaslik in die gemeente in Kreta waar Titus gewerk het. Hierdie jong vroue was besig buite en weg van die huis. Het hulle gewerk? Of het hulle koffie 'socials' met vriende



geniet? Of was hulle siek en sat van die vier mure van hulle huis? Of was hulle raadop met die baba se gehuil en die peuter se bakleiery? Wat ook al die motief was, die jong vroue was besig buite en weg van die huis. Dit was in stryd met die wil van die Here, en daarom roep die Heilige Gees Paulus op om aan Titus te skryf.

Die apostel skryf dat die jong vroue huislik moet wees. Wat beteken dit? Letterlik beteken die term om 'n huis-werker te wees. Mens sal egter ander dele van die Skrif ook moet in ag neem om hierdie term goed te verstaan. Die Heilige Gees se instruksie deur Paulus is gewortel in sy instruksie in die Ou Testament. In Psalm 128 sê die Here dat elkeen wat die Here vrees en in sy weë wandel welgeluksalig is (Ps 128:1). Bietjie later word die aard van hierdie geluk bespreek: 'Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne-in jou huis' (vs 3). Haar rol as huisvrou kom baie duidelik uit die verf. Sy het haar plek **binne-in** die huis, besig met die bestuur van haar huishouding. Dit is een van die seëninge van Psalm 128: Dat jou vrou ywerig besig is in die bestuur van die huishouding en aan al die behoeftes van die gesin voorsien. Sy verwaarloos nie die belangrike taak van versorging van haar gesin nie. Ook al is daar ander take in die gemeenskap van die kerk en samelewing wat die Here haar opdra, lei dit nie tot verwaarlosing van hierdie primêre taak nie.

Die Heilige Gees gee 'n soortgelyke prentjie in die bekende Spreuke 31. Die deugsame vrou is besig van vroeg tot laat met die versorging van haar gesin. Dit is die rede waarom haar kinders en haar man haar prys (vs 28). Hulle sien dat haar aktiwiteite gefokus is op hul versorging. Laat ons nie die fout maak om te dink dat die vrou van Spreuke 31 'n super-ma is wat haar gesin bestuur en nog buitenshuis werk nie. Alles behalwe, die vrou van Spreuke 31 fokus op die versorging van haar huishouding. Dit hou inderdaad baie bedrywighede in, ook bedrywighede buite die huis soos om op die mark materiaal en voedsel te bekom, kinders rond te ry, haar talente te ontplooi ten bate van haar gesin, ens. 'Opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na' (vs 27).

Daarom sê Paulus in lyn met die Ou Testament dat jong vroue huisvroue, huismakers moet wees.

[1] **Hierdie artikel is grotendeels ontleen aan 'n artikel getiteld 'Domestic' wat in Una Sancta** Vol 49, Number 2, 3 November 2001, die blad van die Free Reformed Churches of Australia, verskyn het. Die artikel is geskryf deur **Ds C Bouwman**. In dieselfde volume van Una Sancta word ondermeer in verband met hierdie onderwerp, die volgende boeke geadverteer vir verdere leeswerk oor die onderwerp: *Praise her in the Gates, Douglas Wilson; Standing on the Promises, Douglas Wilson; The Fruit of her Hands, Nancy Wilson.* Hierdie boeke kan in Suid Afrika by **ESRA boeke** bekom word.

Haar man en kinders ongeag hulle ouderdom, is sentraal in haar werk. Sy behoort nie aan haarself nie, maar is gekoop deur die bloed van Christus om nou haar te onderwerp aan die instruksies van haar Here in die hemel. Hierdie instruksie is dat sy 'n huisvrou, tuisteskepper mag wees.

Die begeerte vir die najaag van 'n beroep en groter welvaart as wat die Here ons toebedeel het, ten koste van die versorging van die huishouding is lynreg teen Paulus se geïnspireerde instruksie, wat sê dat moeders huislik moet wees en dat haar fokus dus in die hart van die huis is.

Paulus dra aan Titus op om die ouer vroue in die gemeente te mobiliseer om hierdie opdrag om huislik te wees, aan die jonger vroue oor te dra. Ja, ook die leë nes vroue word 'n taak binne hul families opgedra. Hulle moet spesifiek aan die jonger vroue leer om huislik te wees. Al die jong vroue in die gemeente het die aanmoediging nodig om tuis te wees. Die ouer vroue moet hierdie boodskap oordra en steeds bly oordra. Ja, voortdurende aanmoediging is nodig om die tydsgees te weerstaan wat die vrou uit haar huis wegtrek, weg van haar man en die verbondskinders wat die Here aan haar gegee het. Hierdie verbondskinders het die vrede en stabiliteit van die huis broodnodig. Hulle het die kreatiewe uitdagings van kleurpotlode, verf, sandbak, poppe, boeke oor God se skepping en Matchbox karretjies nodig om medewerkers van God te word!

Ma is krities noodsaaklik om die huis te omskep in 'n huis waar die kinders graag wil wees om kreatief besig te wees en hul talente te ontplooi.

Mens wonder waarom Paulus so sterk wys op die opdrag aan jong vroue om huisvroue te wees? Paulus gee die rede in vers 5: 'sodat die woord van God nie belaster word nie.' Waarom sou die woord van God gelaster word as moeders buite die huis sou werk? Eenvoudig: God se instruksie word dan nie gehoorsaam nie. God se kinders minag dan sy woord.

Ons samelewing trek moeders uit die huis uit. Weg van kinders voor hulle skool toe gaan en later as hulle skool toe gaan. Die beginsel is egter duidelik: Moeders moet huislike vroue wees wat hul God-gegewe taak vervul. Haar werk moet te midde van ander verantwoordelikhede wat sy mag hê in kerk en samelewing gerig wees op die versorging van haar huis as dit die Here behaag het om die aan haar te gee.

Te midde van moeilike finansiële tye en werkloosheid, is dit egter veral in Suid-Afrika onvermydelik dat die ma tot haar eie verdriet soms medebroodwinner moet wees. Dit behalwe haar take in kerk en samelewing. Dit is nie 'n maklike saak nie. Ons mag mekaar dan ook in die gemeenskap van heiliges help om soveel moontlik die ma vry te stel van broodwinnerswerk, maar dit mag dikwels op korter termyn noodsaaklik wees. Laat ons veral aan hierdie moeders dink in ons gebede sodat hulle krag mag ontvang om ook hulle huislike take te kan volbring.

Moeders en kinders saam by die huis, met die Christelike ma gereed om die huis 'n lieflike plek te maak vir die verbondskinders van die Here. Kyk, so wil die Here dit!

Ook gereformeerde gesinne in Suid-Afrika het hierdie instruksie nodig: 'ou vroue…leer die jong vroue om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë

te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.'

Ons moet saam waak teen die tendens by veral hedendaagse jong gesinne in die samelewing om terwille van bonus geldelike voordeel die ma te laat werk. As gereformeerde jong gesinne ontkom ons ook nie altyd aan hierdie suigkrag nie. In hierdie sin het ons dit soms minder breed as ons kollega's by die werk of ons bure, maar ons verantwoordelikheid is inderdaad om skriftuurlike prioriteite aan te lê, wat tot 'n ander invulling van ma se taak lei.

Emigrante gesinne het dit in die vroeë kerkgeskiedenis van Suid Afrika dikwels finansieel baie moeilik gehad. Daar was groot eenvoud, maar te midde hiervan is gereformeerde prinsipes van bv die groot belang van opvoeding tuis (veral die ma by die huis) bewaar, selfs al moes die gesin in 'n dubbel 'garage' lewe. Uiteraard hoef dit nie die norm vir vandag te wees nie, maar ons mag wel mekaar waarsku teen 'n klemverskuiwing in prioriteite a.g.v. beïnvloeding van die tydsgees. Laat ons mekaar help om verder oor hierdie saak te besin in ons omstandighede, mekaar veral help en bystaan deur te ondersteun in moeilike tye van werkskaarste en werkloosheid, maar mekaar ook op te skerp met Gods Woord om nie deur die suigkrag van die materialistiese tydsgees van ons roeping weggesuig te word nie. ¤

IS PROFESIE OOR CHRISTUS IN DIE OU TESTAMENT ALTYD *DIREK* MESSIAANS? (I)

Met besondere aandag vir Psalm 2

Ds. Rob Visser

LEER VAN DIE SKRIF

By die lees van die Ou Testament is die vraag wat hierbo gevra word, baie belangrik. Hierdie vraag speel ook 'n rol by die beoordeling van die nuwe psalmberyming, met name die Messiaanse psalms. Ek wil in hierdie verband aan die einde van die twee artikels nog op die psalmberyming terugkom.

MESSIAANSE PSALMS

Ons broers en susters in die Ou Testament het geweet dat die Verlosser gaan kom. Hulle het daarna uitgesien. Die HERE het sy koms reeds vanaf Genesis 3:15 aangekondig. Die HERE het ook steeds weer oor Hom laat profeteer. Daar is steeds ook meer van Hom vertel sodat die volk Hom kon herken as Hy sou kom.

Die dele van die Ou Testament waarin oor Christus self geprofeteer word, noem ons Messiaanse profesieë. Die HERE het ook in die psalms oor Christus laat profeteer. Een van die psalms waarin dit gebeur is Psalm 2. 'n Duidelike bewys in die Bybel daarvoor is wat Paulus in Handelinge 13 in die sinagoge van Antiochië sê: "En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer." (32,33)

Nogtans sê baie teoloë vandag dat Psalm 2 oorspronklik niks met Christus te make gehad het nie. Dit sou hier gaan om 'n lied wat by die troonsbestyging van 'n koning gebruik is. Die volk sou dit gesing het by die inhuldiging van die nuwe koning. Sekere sê selfs dat dit 'n lied was wat jaarliks op 'n bepaalde dag gebruik is om die HERE se troonsbestyging te vier. Die uitlêers wat dit sê, beroep hulle op sekere gebruike by ander volke in die ou Nabye Ooste. Volgens mense wat so dink, is die latere gebruik van hierdie Psalm wat dit op Christus betrek nie gegrond op die oorspronklike betekenis nie. Om in Psalm 2 Christus te wil sien, sê hulle, is 'n herinterpretasie van die psalm.

'n Duidelike voorbeeld daarvan vind ons in die Bybel in Praktyk: "Ons kan egter nie te gou die Ou Testament vanuit die Nuwe verklaar nie, maar moet dit in sy eie reg lees. Die koningspsalm handel immers in die eerste plek oor Israelitiese konings en Psalm 22 beskryf die lyding van 'n onbekende enkeling. Die koningspsalms is eintlik "politieke" psalms waarin Israel se geloof in God baie direk aan die militêre sukses en aan die voortbestaan van die Dawidsdinastie gekoppel is. Veral in die psalms waar Dawid se rol in die erediens so sterk in die opskrifte daarvan beklemtoon word, is godsdiens en eietydse politiek onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die "gesalfde" (dit is wat messias letterlik beteken) koning wys net in Dan. 9:25 na 'n toekomstige koning.

Die idee van 'n messias was dus 'n nuwe gedagte in die tyd van die Nuwe Testament. Die Christelike messiasverwagting het heeltemal 'n ander oorsprong as die militêr-politieke, nasionale, Joodse verwagting. Dit hou verband met die profete van die Ou Testament wat 'n koning van vrede (Jes. 9 en 11) verwag het, wat op 'n donkie ry (Sag. 9:9). Later het die koning van vrede nog 'n eienskap bygekry: hy sou vrede en versoening bring deur sy plaasvervangende lyding (vgl. Jes. 53). Psalm 22 het hierdie gedagte versterk. Na die geboorte, lewe en lyding van Jesus het die Christene in Hom hierdie gesalfde (Messias-) koning herken. **Ons moet daarom nie in hierdie psalms dadelik 'n voorspelling van Christus sien nie, maar weet dat dit 'n latere interpretasie is van die eerste Christene waarin ons vandag natuurlik mag deel**." Bladsy 756

Hoe moet ons daaroor dink? En kan ons ook as ons dit afwys nog sê dat hierdie psalm ook betrekking het op 'n koning van Israel wat voor Christus geleef het? Hierdie vrae is nie net akademiese vrae nie, maar baie belangrik vir die verstaan van die profesie in die Ou Testament.

Ek wil hierdie vrae nou beantwoord vanuit die uitleg van wat ons een van die Messiaanse psalms noem, naamlik Psalm 2.

PRAAT PSALM 2 VAN CHRISTUS?

Die vraag of hierdie psalm oor Christus profeteer is nie moeilik om te beantwoord nie. Wie die Heilige Gees erken as die Skrywer van die Bybel en daarom die eenheid van God se Woord bely, kan nie anders as om te sê dat hier van Christus gepraat word nie. Die Gees self wys op verskillende plekke in die Nuwe Testament dat Hy hier van Christus geprofeteer het, dat hierdie psalm in Christus in vervulling gaan. Baie duidelik lees ons dit in: Hand. 4:25; 13:33; Hebr. 1:5; 5:5; Openb. 2:26; 19:15.

Beteken dit nou dat hierdie psalm **net** van Christus praat? Dit is baie verleidelik om dit te sê teenoor hulle wat beweer dat Psalm 2 eintlik glad nie van Christus praat nie. As ons dit beweer, doen ons

self ook aan God se openbaring te kort. Hoe moet ons profesieë en ook psalms wat profeties praat, lees?

Die Heilige Gees gee vir ons 'n duidelike voorbeeld hoe ons dit moet doen: Petrus het op die Pinksterdag Psalm 16 gebruik om te bewys dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het en dat sy liggaam in die graf nie begin verteer het nie. Petrus wys daarop dat Dawid Psalm 16 geskryf het en dat hierdie psalm ook oor Dawid self gaan. Nogtans is daar sekere gedeeltes in hierdie psalm wat in Dawid se lewe nie in vervulling kon gegaan het nie. Dit is o.a. die gedeelte van die psalm waar Dawid sê: "Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by U aangesig." Hand. 2:27,28

Petrus maak duidelik dat hierdie gedeelte nie in Dawid sy volle vervulling gevind het nie. Dawid het naamlik gesterf en sy liggaam het verteer en "die weë van die lewe" het by hom nog nie beteken dat hy uit die dood opgestaan het nie. Daar is dus gedeeltes wat op Dawid betrekking het en in hom gedeeltelik hulle vervulling vind, maar die volle vervulling is in Christus.

So leer die Heilige Gees ons om die profesie te lees. Dit gaan nie altyd daarom dat ons moet sê: óf Christus óf 'n ander nie. Die profesie kan ook 'n gedeeltelike vervulling hê in iemand wat voor Christus geleef het, terwyl die volle vervulling in Jesus Christus kom. Laat ons met hierdie aanwysing van die Gees nou ook Psalm 2 lees.

VERS 1-3

Ons lees in Psalm 2 nie wie hierdie psalm geskryf het nie. Nogtans weet ons dat dit Dawid was, want ons lees in Hand. 4 waar die gemeente in Jerusalem hierdie psalm gebruik: "wat deur die mond van U kneg Dawid gesê het:" vs 25.

Dawid skryf hierdie psalm in omstandighede waar hy as koning moeites ondervind en sy koningskap deur vyande van buite bedreig word. Volke en nasies het hulle verbind om Israel aan te val. Dit gaan hier regtig om 'n konkrete situasie. Ons lees in vers 6 dat hierdie vors, koning oor Sion is. Dit gaan hier om die konkrete gesalfde wat toe God se gesalfde koning op aarde was. Ons lees van Dawid ook dat hy deur Samuel in God se naam tot koning oor sy volk gesalf is. 1 Sam. 16.

Ons kan nie met sekerheid sê na watter situasie Dawid in ons psalm verwys nie. 'n Moontlikheid is dat ons hier moet dink aan wat ons in 2 Samuel 10 en 1 Kronieke 19 lees. Dit is waar koning Hanun van Ammon die leiding neem om saam met soldate van ander konings en volke teen Dawid te stry. Dan ontstaan vir Dawid se leër 'n baie moeilike situasie. Volke en konings woel en gaan te kere om teen God se volk, teen die kerk te veg. Daar is baie aktiwiteit en daar word baie tyd en dinkkrag gebruik om teen God se volk te kan stry. Die Heilige Gees maak in ons teks duidelik dat die stryd teen God se volk nie een of ander gewone oorlog is nie. Dit is nie 'n oorlog soos wat dit toe baie tussen volke en konings plaasgevind het nie. Wanneer volke saamsweer om teen God se volk en teen Dawid op te trek, is dit 'n stryd teen die HERE self!

Ons moet onthou dat hierdie gedagte in daardie tyd glad nie vreemd was nie. Ook nie by die heidense volke nie. Die volke het gode vereer en elke volk of land het sy eie hoofgod gehad. Dit was vir die gevoel van die mense die god van die land. As die vyand kom, dan stry die vyand met sý gode teen jou god. As die vyand oorwin, het die gode van die vyand jou god oorwin.

Wanneer magte teen God se volk opstaan, is hulle besig om die HERE en sy Koninkryk aan te val. Dit is dan nie net een of ander gedagte nie, maar die werklikheid! Dan is hulle in diens van die duiwel besig. Die werklikheid is dan dat die koninkryk van die duiwel die HERE se Koninkryk probeer vernietig.

Dawid se posisie is dat 'n magtige koalisie teenoor hom gereed staan om hom te verslaan. Ons lees in vers 2 dat "die konings van die aarde gereed staan". Hulle staan klaar om te veg omdat hulle nie aan die HERE en sy gesalfde onderworpe wil wees nie. Hulle wil hulle eie ding doen en nie volgens die HERE se wil lewe nie. Die sonde, die opstand teen die HERE woel en werk in hulle lewe. Hulle wil daarom die mag wat die HERE se gesalfde oor hulle het van hulle skouers gooi. Hulle wil vry wees om die duiwel en die verlangens van hulle eie sondige hart te volg. Die sameswering is teen die HERE en sy gesalfde koning gerig. Dawid skryf dit in 'n konkrete situasie waarin volke wat op een of ander manier onder sy gesag staan, nie meer aan God se gesalfde koning onderdanig wil wees nie. Juis deurdat die Gees ons nie vertel watter spesiale situasie dit was nie, wys die Gees dat dit wat ons hier lees, in en vir die hele geskiedenis betekenis het.

Dwarsdeur die geskiedenis is en word God se volk deur verskillende magte aangeval. Telkens sien ons dan gebeur wat ons in die eerste drie verse van Psalm 2 lees. Dit is ook daarom dat die gemeente van Jerusalem hierdie psalm gebruik as hulle daar so sterk bedreig word. Die duiwel gebruik al sy krag om deur die volke die begin van die Nuwe-Testamentiese kerk te vernietig.

Hy doen alles om te voorkom dat die evangelie ook buite Jerusalem verkondig sal word en kerke sal ontstaan. Die gemeente word van alle kante bedreig. As hulle dan in hulle gebed Psalm 2:1,2 aangehaal het, sê hulle: "Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met die heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het". Hand. 4:27

Hier sien ons ook hoe die vervulling van hierdie psalm verder gegaan het. Dit het in Dawid se lewe net 'n gedeeltelike vervulling gevind. Dit vind sy volle vervulling in d**ie Seun van Dawid Jesus Christus**. Hy is **die Gesalfde.** Teen hom sal nog baie meer konings en volke opstaan as wat met Dawid gebeur het. Christus is die Koning van die kerk. Die haat teen Christus openbaar hom steeds weer in die geskiedenis. Hoe span mense steeds weer saam om óf met geweld óf deur verleiding God se volk te vernietig. Hoe is volke in ons tyd besig om die so genoemde Christelike juk af te gooi. Hoe roem mense in die vryheid wat hulle weer gekry het noudat hulle nie meer aan die norm van God se Woord gebind is nie. Wanneer volke vir 'n grondwet kies waarin die gehoorsaamheid aan die HERE en sy wet nie meer die hoogste norm is nie, gebeur wat ons in ons psalm lees. Dan is volke en magtiges besig om te sê: "Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp". Die bande is die mag wat die HERE en Christus as die Gesalfde oor hulle uitoefen. 'n Mens sien hoe oor die hele wêreld volke en magtiges so teen die HERE en sy Gesalfde optree. Ons sien dit ook gebeur as mense nie meer God se norme in kerk en samelewing wil uitdra nie. Dit is te skerp vir ons tyd, sê mense dan. As ons mense by die kerk wil hou, moet ons nie so sterk praat en dink nie. Dit is ook 'n manier, hoe vroom dit ook al klink, om voor die post-moderne gees te buig en die "toue" van God en die Gesalfde te wil afwerp.

Volgende keer gaan ons verder met die uitleg van Psalm 2 en kom ons tot ons gevolgtrekking. ¤

VERSMELTING VAN HORISONNE

Ds. E Viljoen

PEILING

In Die Burger van 23 Maart gee prof. Anton van Niekerk, professor in filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch aandag aan die dood van Hans-Georg Gadamer op 14 Maart in die ouderdom van 102:
Die boek wat Hans-Georg Gadamer 'n beroemde naam in filosofiese kringe laat word het, Wahrheit und Methode, het verskyn toe hy reeds 60 jaar oud was. Dit het hom nie alleen wêreldroem gebring nie, maar ook 'n tweede loopbaan van aktiewe skryfwerk en lesingtoere wat hom oor die hele wêreld laat reis het, ook na Suid-Afrika, waar hy in 1980 'n aantal lesings gegee het. Gadamer is op 11 Februarie 1900 in Marburg gebore, en was 'n leerling en lewenslange vriend van die selfs nog beroemder Martin Heidegger.

Gadamer se bydrae lê op die terrein van die wysgerige hermeneutiek, die teorie oor interpretasie. Sy fundamentele vraag is: "Wat beteken dit om iets te verstaan, en onder watter voorwaardes kan ons verstaan?"…Verstaan verteenwoordig vir Gadamer 'n grondliggende aspek van die menslike bestaan. Om eg te verstaan, is om nuwe moontlikhede te ontdek vir ons menswees.

Waarom sou dit belangrik wees dat ons vandag in Suid-Afrika van Gadamer moet kennis neem? Ons stel weer prof. Van Niekerk aan die woord.

Wat veral opval van Gadamer se bydrae, is dat hy 'n skerp kritikus is van grondliggende aspekte van die denke van die Verligting, en in dié opsig 'n voorloper word van 'n latere koor van denkers wat, onder die dekmantel van die sogenaamde postmodernisme, die Verligting nie slegs beskou as 'n bevryding nie, maar ook 'n ontsporing van die denke.

In sy kritiek op die denke van die Verligting maak Gadamer 'n bydrae van geweldig groot betekenis vir die manier waarop tekste, maar vir ons van onmiddellike belang veral die Skrif, gelees en verstaan word. Anton van Niekerk beskryf hierdie betekenis soos volg:
Die sin wat die neerslag is van enige interpretasieproses is ook nie 'n een maal afgehandelde stand van sake nie. Dis eerder 'n gang van sake wat (kan) verander namate die historiese situasie of raamwerk van waaruit ons die teks ondervra, skuif of verander. 'n Teks het daarom nie 'n een maal afgehandelde betekenis nie; sy betekenis is telkens die neerslag van die versmelting van twee horisonne: die een waarin die teks ontstaan het, en die ander wat die verstaansvoorwaardes van die leser bepaal… Om te verstaan, is vir hom om te bemiddel tussen verlede, hede en toekoms.

Tereg noem (meer as dit doen hy nie!) Anton van Niekerk dat Gadamer belangrike invloed uitgeoefen het in Suid-Afrika. Tot in die baie onlangse verlede verskyn daar steeds in ons land doktorale proefskrifte oor die betekenis en waarde van sy werk. Van Niekerk vind dit jammer dat die idees van Gadamer nie beter weerklank vind in die huidige debat oor die gesag van die Bybel nie. Laat Gadamer ons dan nie verstaan dat alle interpretasies van die Bybel die "*uitkoms is van interpretasies, en daarom 'n funksie*

is van ons huidige tyd, omstandighede, probleme en behoeftes. Wie dit verstaan, sal minder seker en minder pontifikaal alternatiewe lesings van die Bybel, wat verskil van hul eie, veroordeel".

Gadamer laat ons nie meer toe om die vertrekpunt te handhaaf dat die Bybel self nog sy eie uitlêer is nie. Anders gesê – die teks van die Bybel is self nie meer die norm/maatstaf om die betekenis van die Bybel te verstaan nie. Dit word eintlik onmoontlik om nog te onderskei tussen 'n standpunt wat "skriftuurlik" of "onskriftuurlik" is. Betekenis is iets wat tot stand kom of "gebeur" wanneer die denkwêreld van die Bybelskrywers en die huidige omstandighede, behoeftes en probleme twee horisonne word wat met mekaar versmelt. Gadamer wil ons laat verstaan dat een betekenis wat vir eens en altyd vasgestel kan word, nie bestaan nie.

Die pad wat Gadamer ons wys is 'n doodloopstraat, al moet ons waardering hê vir sy weerstand teen die beperking van waarheid en kennis tot die metodes van die natuurwetenskappe. Die teks (Skrif) is vir ons veel meer as bloot 'n aanleiding (horison) waarin nuwe moontlikhede vir verstaan (horisonne) ontstaan. Die Skrif self leer ons dat "geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie" (2 Pet. 1:20). Die Skrif self is die bron én norm vir ons verstaan daarvan. Dit glo ons juis omdat ons die Skrif gelowig wil honoreer, wat sê dat die profesie (van die Skrif) nie voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek (2 Pet. 1:21). Hierdie profetiese woord en Skrif sal vir ons bly skyn soos 'n lamp in die donkerte van mense se sondige pogings van verstaan totdat die dag aanbreek en die môrester (Christus self – vgl. die konteks van 2 Pet. 1:19) opgaan in ons harte. Bybellees is geen saak van eie uitleg nie, maar van gelowige luister na God se Woord. ¤

GOD HET SY ENGELE AANGAANDE ONS BEVEL GEGEE

- Gesprek met gesin Knol oor hulle Afrika-reis

Roel en Henria Stolper

ONDERHOUD

Paassondag 31 Maart het gesin Knol van Hasselt in Nederland ons predikant gevra om God in die erediens te dank vir sy bewaring tydens die 29 000 km-reis wat hulle vanaf Nederland tot Suid-Afrika afgelê het. Hierdie mense, 'n gesin met vyf seuns, was vir 'n paar dae in Pretoria voordat hulle met hul twee Hanomags AL28's die laaste skof na Kaapstad aangepak het. Ons het met hulle gaan gesels om uit te vind wat hulle besiel het om vyf maande in 'n voertuig deur te bring, ses maande werk en studie te verlaat en derduisende Euro's te spandeer om deur Afrika te reis.

Wat het julle daartoe beweeg om so 'n geweldige onderneming te begin?

Ons wou vir ons kinders wys dat daar meer in die wêreld is as Nederland, rekenaars, televisie, studie, werksdruk, geld, ens. Verder wou ons eerstehandse kennis bekom van verskillende kulture en ook ander Christene ontmoet. Die doel was nie 'n vakansie nie, maar 'n leerprojek. 'n Ervaring wat gedurende die res van ons lewens vir ons iets sal beteken. Ons het ook gepoog om d.m.v. hierdie avontuur ons gesinsbande verder te verstewig. Die voorbereidings vir en die werklike reis bevat soveel leersame aspekte wat 'n positiewe bydrae kan maak in die verdere lewe en 'n breër lewensbeskouing.

Wat het die voorbereidings alles behels?

Ons het reeds in 1996 besluit om die reis deur Afrika te maak ten einde ons familie in Pretoria te besoek en toe ook reeds met die voorbereidings begin. Aangesien ons in 1988 as gesin 'n reis van 10 000km deur Australië gemaak het, was heelwat reisvoorbereidings vir ons bekend. As gesin het ons gereeld vergader om die nodige take te verdeel en verskeie kommissies is aangestel wat tydens ons volgende vergadering n.a.v. 'n notule hul vordering moes rapporteer. Vele boeke oor die verskillende lande is gelees om kennis te maak met die kulture. Verder het ons uitgevind wanneer dit reënseisoen is en waar die beste begaanbare roetes is. Ook die politieke situasie is fyn dopgehou en ambassades is besoek. Vir elke land moes ons 'n visum bekom en ons moes elkeen meer as veertig paspoortfoto's laat maak. Inentings teen verskeie kwale was nodig en 'n paar van ons het 'n mediese noodhulpkursus gevolg. Die kommissie gesondheid moes ook omsien na die geestelike welsyn soos leespreke, sangbundels en goeie lektuur. Water-suiweringsapparaat is geïnstalleer en pille vir die doel ingepak. Ons moes op die soort voertuig en brandstof besluit waarna die aankope begin het. Die groot herstel, opknapping en bevoorrading van die vierwielers het baie tyd in beslag geneem. Ons het 'n Global Positioning System (GPS) in albei voertuie aangebring sowel as radio kontak tussen beide bewerkstellig. Nadat ons eers die nodige swaarvoertuig rybewyse bekom het, het ons toetsritte met die twee voertuie gemaak.

Watter roete het julle gevolg?
Ons het einde September 2001 vanuit Nederland vertrek. Ons kan as't ware ons reis in drie fases verdeel: Die reis **suid** vanaf Nederland deur België, Frankryk tot in Spanje. By Gibraltar het ons oorgevaar na Marokko. Verder suid gereis deur Mauritanië tot in Senegal. Die tweede fase van die reis was die **oos**-reis van 6000km. Die lande waardeur ons gereis het was Mali, Burkina Faso, Niger, Tsjad, Soedan en Ethiopië. Die laaste fase was weer **suid** nl. Kenia, Uganda, Tanzanië, Malawi, Zambië, Botswana, Suid-Afrika. Oor ons avonture kan u lees in die maandblad *Olielamp* wat deur die jeug van die VGK uitgegee word.

Een van julle doelstellings was om ander Christene te ontmoet. Hoe het julle daarin geslaag?
In Marokko en Mauritanië het ons geen Christene ontmoet nie, maar wel in Mali. Vanaf Mali het hulle vir ons 'n 'Christenroete' na die Ooste aanbeveel sodat ons Sondae eredienste kon bywoon om ander Christene te ontmoet. Baie van hierdie kerke het ontstaan vanuit die Serving in Mission (SIM), 'n Amerikaanse sendinggenootskap. Die kerke wat ons besoek het is gekenmerk deur 'n evangeliese tint en was dikwels naamloos. Daar is ook heelwat vrugte van Rooms Katolieke sendingsarbeid in die gebiede sigbaar. Ons was aanvanklik van plan om te probeer om soveel as moontlik poste van 'De Verre Naasten' te besoek, maar vanweë ons eie ervaring in Indonesië het ons teen hierdie onverwagte besoeke besluit. Dit was wonderlik om te sien hoe die Here Christene op ons pad gelei het.

In Mali het ons die naweek op 'n kampeerplek oornag waar die tuinman opgemerk het dat ons Bybel gelees het. Deur middel van die eienaar wat Engels magtig was, het hy ons genooi na die diens Sondag. Ons kon ongelukkig nie die preek verstaan nie, maar baie van die liedere wat gesing is se wysies was bekend, sodat ons voluit saam gesing het. Ons het drie Sondae in Mali deurgebring by verskillende Christene waarmee ons saam kerk toe gegaan het. Orals het ons die band wat ons verbind gevoel, omdat die mense dieselfde glo as ons.

Soedan is 'n Islamitiese land en die klein getal Christene wat in die suide woon word geteister deur wrede vervolgings. Ons het 'n groep Christen-vlugtelinge in die omgewing van Kartoem ontmoet en was aangegryp by die aanskoue van die totale ontreddering. Hierdie mense het ons gebede baie nodig!



Die donker gedeeltes is die roete wat Familie Knol deur Afrika gevolg het

In Ethiopië, in 'n uiters onbegaanbare gebied waar ons slegs 10 kilometer per uur gevorder het en een van die Hanomags telkens oor-verhit geraak het omdat hy die ander een weens probleme moes sleep, het ons die susters van moeder Theresa ontmoet. Hulle het ons met liefde versorg en gehelp omdat hulle van mening is dat dit wat God hulle gegee het, vir elkeen is wat in hulle poort inkom. Saam met tweehonderd van die aller armstes in Ethiopië, mog ons deel hê aan die gawes van die ryk Weste! By vertrek het die susters ons bedank dat ons by hulle aangeklop het. Ook in Kenia het ons van die Roomse sending se gasvryheid geniet.

In Uganda het ons d.m.v. 'n MAF-vlieënier Christene ontmoet wat hulle oor weeskinders ontferm en opgelei het.

Op die suidelikste punt van Afrika - Kaap L'Agulhas

In Kenia het ons Christene ontmoet voor die ingang van 'n wildpark. Hulle het ons ook genooi vir die Sondagdiens. Hulle het die Here gedank dat Hy ons na hulle toe gestuur het. Hulle egte, opregte, spontane hartlikheid en geloof was baie opvallend. Ons kan baie van hierdie Christene leer. Ondanks hulle omstandighede is die mense in Afrika vriendelik en gelukkig en die blydskap van die Christene is opvallend.

Julle het heelwat armes in Afrika ontmoet. Wat is die oorsaak van hierdie armoede?
'n Mens sou jouself eers moet afvra wat armoede is. Armoede is honger, wat verskeie oorsake het. Van oudsher was die Afrikane tevrede met 'n eie akker waarop hy genoeg geproduseer het vir eie gesin. Hy begeer die gewone lewe en weet dat hy tussen veertig en sestig sal sterwe en meen: Hoekom moet ek tagtig word? Volgens Westerse standaarde is hierdie Afrikane arm. Groot somme geld stroom die lande in, word verkeerd spandeer of val in die hande van bandiete. Die Weste streel sy eie ego en dink dat hy Afrika help, maar eintlik maak hy Afrika arm, omdat die mense daardeur nie meer bereid is om self te werk nie.

Ons, Westerse toeriste, veroorsaak ook dat Afrika dink dat hy brandarm is. Ons reis met groot voertuie deur hulle lande. Ons deel ons goed met die wat bedel. Hulle dink - omdat ons so dink - dat hulle arm is.

Die meeste Afrika lande op ons 'oos-roete' is armoedig. Dit word ook aangehelp deur die regerings. 'n Islamitiese regering beskou alles wat gebeur as die wil van Allah en toon weinig verantwoordelikheid om dinge te verander.

Die derde oorsaak van armoede is Vigs omdat mense redeneer: Hoekom moet ek werk? Ek sterwe tog binnekort! Die Vigsprobleem is skrikwekkend groot. In Uganda is daar massagrafte by Kampala waarin daar elke week tweehonderd slagoffers begrawe word. In Malawi het drie kwart van die bevolking Vigs. In Kenia sterwe weekliks net soveel aan Vigs as die getal dooies van 11 Sept. 2001 in Amerika.

Wat was julle eerste indrukke van Suid-Afrika?
Onmiddellik by aankoms in SA was die groot getal blankes opvallend. Ook die verskil tussen blank en swart is meer duidelik. Die swart mense is ook minder vriendelik teenoor ons. In Afrika het ons meestal in die veld gekampeer maar hier word dit deur almal afgeraai. Oral is hekke en honde. Soos al die ander Afrikalande waar Westerse gebruiksartikels te koop is, is daar groot vervuiling in die vorm van rommelstrooiing.

Julle het gevra dat ons God tydens die erediens dank vir sy beskerming. Was daar baie gevare?
Die Here het ons gelei en ons gespaar. Een van ons het Malaria gehad, maar is genees. Daar was mense wat klippe en stokke gegooi het. Daar was soms bandiete, rowers of soldate langs die pad, maar ons het ervaar hoe God sy engele beveel het om ons te beskerm. Die probleme met ons voertuie kon opgelos word en die leeus rondom ons slaaptent het slegs spore agtergelaat.

Het julle 'n boodskap vir die Suid-Afrikaanse Christene?
Alle Christen-Afrikane het ons gevra om hulle groete aan julle oor te dra. Ons moet nie ophou om vir hulle te bid nie, aangesien hulle ons gebede dringend benodig. Verder moet ons Westerse Christene leer van die Christene in Afrika om nader aan God te lewe. Ons gebede moet 'n oop en eerlike kommunikasie met die Here wees en ons moenie toelaat dat allerlei Westerse 'bagasie' hierdie verhouding met God vertroebel nie. Ons moet leer om elke dag uit God se hand te lewe en alles slegs van Hom verwag. Laastens moet die blank en swart Christene mekaar werklik en wesenlik aanvaar. Al lewe ons in verskillende kulture en praat ons allerlei tale, is ons vir Jesus Christus dieselfde. ¤

“NEDERLAND IS VOL”

- Pim Fortuyn en die toekoms van die Nederlandse politiek

John Elliott, Washington

SAMELEWING

Sowat ’n halfjaar gelede het ons van kabel-televisie oorgeslaan na ‘skottel’ satelliet-televisie. Satelliet-televisie bied in die VSA ’n beter pakket van nuus-items met nog ’n aangename bonus ook: BVN – Het Beste van Vlaanderen en Nederland. BVN bied daagliks ’n pakket van die beste televisie-programme wat in Nederland en België uit-gesaai word. As gevolg van ons nuwe inskrywing kon ons in ons sitkamer kyk na die troue van kroonprins Willem Alexander en Maxima Zorreguieta op 2 Febru-arie 2002. Die mees onverwagte bonus van BVN tot dusver was egter om getuie te kon wees van die destabilisering van die Nederlandse politiek as gevolg van die meteoriese opkoms van ’n voormalige sosialis met die naam Pim Fortuyn.

Fortuyn het ’n volksbeweging aan die gang gekry deurdat hy fokus op die immigrasie van derde-wêreldmense na Nederland, en die onvermoë van die Nederlandse regering om iets te doen aan die probleme wat dit veroorsaak het. Fortuyn en sy kollega’s het ’n baie eenvoudige boodskap: “Nederland is vol.” Fortuyn is baie duidelik oor wat dit beteken: ’n einde aan immigrasie in die alge-meen en ’n absolute einde aan Islamitiese immigrasie in besonder. Maar sy boodskap kan nie gereduseer word tot anti-immigrante retoriek nie. Die basiese boodskap van Fortuyn is dat die hele politieke sisteem gefaal het om Nederland se mees akute probleme aan te spreek. En dat dit tyd raak vir ’n grondige huisskoonmaak. Die reaksie van die Nederlandse kieserspubliek was fenomenaal. Volgens meningspeilings sal For-tuyn en sy mense 20 tot 25 setels kry in die Parlements-verkiesing wat in Mei hierdie jaar gehou word. As dit werklik gebeur, is hulle die vierde grootste party in die parlement. Die Nederlandse politieke elite is stomgeslaan.

WIE IS PIM FORTUYN?

Pim Fortuyn is beslis nie jou proto-tipiese Heineken-bierdrinkende immigrante-hater nie. Om die waarheid te sê is Fortuyn ’n baie gevaarlike teenstander vir die sosialisties-liberale regeringselite. Hulle het egter self daaraan meegehelp om hom te kreëer. Die 53-jarige Pim Fortuyn het sy loop-baan in die radikale linkervleuel van die sosialiste-party (PvdA) in die Rooi bastion van Groningen begin. (Volgens sommige het Fortuyn maar net sosialis geword omdat die Kommuniste hom nie wou hê nie.) In daardie jare, die vroeë 70’s, het Fortuyn by die Universiteit van Groningen vir sy studente die beginsels van Marxisme geleer. Verder het Fortuyn in ’n vroeë stadium van sy loopbaan bekend gemaak dat hy ’n homoseksueel is. Laasgenoemde feit was, vanselfsprekend, glad nie ’n probleem vir die verdraagsame sosialiste in Groningen nie.

Deur harde werk vir die sosialiste party het Fortuyn op die ou end ’n belangrike pos in Rotterdam gekry. Daar het hy sy baard, sy lang hare en sy neo-hippie-klere verruil vir ’n kaalgeskeerde kop en smaakvolle snyerspakke. Hy het ook ’n rubriek oor politiek in Den Haag begin skryf vir Nederland se top-weekblad, *Elsevier*. As gevolg daarvan het hy ontwikkel tot waarskynlik Neder-land se bes geklede en mees geartikuleerde politieke debatteer-der. En hy is onaantasbaar. Sy bona fide linkse geloofsbriewe en sy homoseksualiteit vrywaar hom teen enige aanklagtes van ‘Nazisme’ en ‘diskriminasie’.

9/11 EN FORTUYN

Enigiemand wat met die gewone Nederlandse burger praat, weet dat die immigrante-vraagstuk wat Fortuyn uitdruklik aan die orde stel, reeds jare lank onder die opper-vlakte sluimer. (Een voorbeeld: ’n Nederlandse kollega van my het gekla dat sy dogter nie ’n blyplek naby die Universiteit van Utrecht kon vind nie omdat alle bekostig-bare kamers reeds vir asiel-soekers gegee was.) Maar die Nederlandse politieke elite kon hierdie sluimerende gevoelens van ongenoeë altyd die kop indruk met behulp van ‘politiek korrekte’ argumente soos: “Nederland is ’n multi-kulturele samelewing en almal wat dit verwerp is Nazi’s, ens.”

Die 11de September het dit alles verander. Die eerste mense wat agtergekom het dat ‘dinge nooit meer dieselfde sou wees nie’ was die Turke en Marokkane in Neder-land. Hulle kla dat 11 September hulle identiteit verander het van gas-arbeiders na potensiële terro-riste. Die immigrante-gemeenskappe in Nederlandse stede het skielik verdag geraak: Is dit miskien die skuilplek van terroriste-selle? Ek glo nie dat dit oordrewe gestel is nie. Dit is opvallend hoe baie my Nederlandse (en Duitse) kollega’s oor 11 September praat. Ek kry soms die gedagte dat 11 Septem-ber vir hulle erger is as vir die Amerikaners. Ek dink dat ek ver-staan hoekom: Jou gemiddelde

Nederlander ontmoet op ’n daaglikse basis baie meer Moslems as die Amerikaners. Elke stad in Nederland het ’n Turkse en ’n Marokkaanse gemeenskap, groot of klein. In Rotterdam, byvoorbeeld, is die immigrante-getal nou meer as die helfte van die totale getal inwoners.

Op 11 September het daar iets ingrypend plaasgevind in die gedagtes van miljoene Europeane. Voorheen het hulle die Turkse, Marokkaanse en Algerynse groepe beskou as “ons hou nie van hulle nie, maar ons moet hulle maar tolereer”. Nou het hulle hierdie groepe egter begin sien as die voorhoedes van ’n invalsleër. Die immigrante-groepe is nie maar net ’n bron van sosiale probleme nie, maar miskien selfs ’n bedreiging vir die bestaan van die nasie. Pim Fortuyn het dit verstaan en duidelik stem gegee aan die onuitgesproke vrese van baie mense. Die gevolg is dat daar ’n groeiende politieke beweging is wat paniek veroorsaak onder die bestaande politieke partye in Nederland.

FORTUYN EN DIE EINDE VAN DIE EKONOMIESE MENS

Die drie partye wat die regeringskoalisie vorm (sosialiste, liberale, en D’66) het skielik nie meer ’n boodskap nie. Die knelpunte wat Fortuyn op die agenda geplaas het, het hulle van hul geliefde onderwerp beroof: die ekonomie. Die afgelope week het ek aanskou hoe ’n gefrustreerde Nederlandse minister sy arms waai en vra of die regering nie krediet behoort te kry vir die werkskepping van die afgelope jare nie. Dat hy die vraag moes stel, illustreer tot watter mate Fortuyn die politieke debat in Nederland verander het. Volgens die laaste meningspeilings sal die drie regeringspartye saam 27 setels in die parlement verloor.

Die opkoms van Fortuyn na 11 September dui ’n paradigma-skuif in die Nederlandse politiek aan, miskien selfs in die Europese politiek. ’n Belangrike deel van die Nederlandse publiek sê dat ’n jaarlikse styging van inkomste vir hulle geen waarde het as die



Pim Fortuyn

Nederlandse kultuur en die Nederlandse taal bedreig word deur immigrasie uit derde wêreldlande nie. Dit is interessant om die reaksie van die VVD (die liberale party) te hoor. Hierdie party se leier in Rotterdam – Fortuyn se bolwerk – het gesê dat hy wil hoor dat daar weer Nederlands gepraat word in die strate van sy stad. En die VVD se nasionale partyleier het voorgestel dat daar ’n aandklok-reël ingestel word vir Marokkaanse en Turkse tieners omdat so baie van hulle by kriminaliteit betrokke is.

Dit is duidelik dat daar iets ingrypend verander het. Die multikulturele model het veronderstel dat die Nederlanders sou aanpas by die immigrante. Die post-11-September model sê vir die derde generasie Turkse en Marokkaanse immigrante dat hulle Nederlands sal moet leer, en vinnig ook.

CHRISTELIKE REAKSIE OP FORTUYN

As 11 September en Fortuyn se politieke opkoms die gevolg het dat daar opnuut gefokus word op die geskiedenis, die taal en die kultuur van die Nederlandse volk, dan sal Nederland se Christelike tradisie ook deel wees daarvan. As miljoene Nederlanders die Islam beskou as ’n bedreiging, dan sal hulle ook kan teruggryp na die Christelike tradisie. Ek glo dat daar vir “die Christelike res” in Nederland ’n geleentheid is om vir hulle gesekulariseerde en beangste landgenote ’n gidsrol te vervul.

In hierdie stadium is ek nog nie baie beïndruk met die ‘Christelike’ reaksie in Nederland teen die opkoms van Fortuyn nie. Die Christelike politieke party ‘ChristenUnie’ is baie krities ten opsigte van Fortuyn. Maar aangesien hierdie party reeds vir dertig jaar verbind is aan die voordele van die Nederlandse welvaartstaat, is dit nie verbasend nie.

Ek is egter nie bekommerd oor hierdie reaksie nie. Dit is nog vroeg. Die sake wat Fortuyn aan die orde gestel het, sal nie met een verkiesing in Mei opgelos word nie. ’n Volk wat begin besef dat ekonomie minder belangrik is as oorlewing teenoor die groeiende aanslag van Moslem-immigrasie, het nie veel ander opsies as om terug te gaan kerk toe nie.

John Elliott is ’n politieke verslaggewer en kommentator. Hy is korrespondent vir die Nederlandse Evangelische Omroep in Washington en ’n gereelde skrywer in die Amerikaanse tydskrif Christian Renewal. Die betrokke artikel het oorspronklik verskyn in Christian Renewal van 11 Maart 2002 en is met die skrywer se toestemming vertaal vir Kompas. ¤